

16 Junie

2 Timoteus 4:1-8, (Teks: 4:7)

Goeie lewenswedloop

Die Comrades-maraton is nie maklik nie. Daar is stukkies gelykpad, maar ook steil afdraandes en baie opdraandes. Dit vra maande se harde voorbereiding; dit vra vasbyt, deursettingsvermoë, 'n geoefende liggaam en 'n toegewyde gees. Ja, dit vra dat 'n mens alles sal gee om hierdie wedloop te voltooi.

Hoe waar is dit nie ook van ons lewenswedloop nie. In elke mens se lewe is daar ook stukkies gelykpad, steil afdraandes en heelwat opdraandes. Ons hele lewe is 'n leerskool wat voortdurende vasbyt vra. Baie word moeg, wil tou opgooi, langs die pad gaan sit. En tog is daar ook, soos by 'n maraton, baie vreugdes, aanmoediging, kameraderie - ja baie dinge om na uit te sien.

Paulus het in sy lewe baie ontberings deurgemaak. Teenstand, swaarkry, asook sy sondige natuur, wou hom telkens wegtrek van dit wat God van hom gevra het. Sy laaste dae moes hy in gevangenskap sluit. Maar deur die genade van God kon hy dit waartoe God hom geroep het uitvoer. Hy het in sy swakheid God se magtige Evangelie oor hierdie aarde uitgedra. Die lewe was vir hom 'n wedloop wat hy tot eer van die Here kon hardloop. Hy kon dit waartoe die Here hom geroep het doen omdat sy oë gerig was op die wenpaal - 'n ewige lewe by God: "Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God." Elkeen van ons is ook nou êrens op pad. Party is op 'n dankbare gelykpad rustig besig met dit waartoe God hom of haar roep. Ander is besig met 'n pynigende afdraande waar dit voel of alles verkeerd wil loop. 'n Ander klomp sukkel teen 'n steil opdraande op, diep onder die indruk van hoe nodig God se krag en ondersteuning is. Onthou - die wenpaal lê voor. Met elke tree wat ons in die geloof gee, doen ons ons deel waartoe God ons geroep het. Iemand wat só in vertrouwe op God doen wat sy of haar hand vind om te doen, sal ook eendag by die wenpaal dankbaar oor God se genade kan sê: "Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou."

Dr. H.G. Stoker (Pretoria-Sunnyside)